## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Ernst Engelbrecht (jnr), Ronelle Ham, Antoinette Pieters, Elize van der Merwe, Danie van Niekerk. |
| **Maandag:** | Annemarie Kühn, Franco Lotter, Willem Styger. |
| **Dinsdag:** | Gerda Briedenhann, Jenine Brink, Sonja Coertze, Zanli Harris, Eduan Naudé, Stephan Nortjé, Ena Zwarts, Riana van der Vyfer. |
| **Woensdag:** | Stephan Durand, Elize Nel, Chris Scheffer. |
| **Donderdag:** | Magriet Erasmus, Archie Rudman. |
| **Vrydag:** | Hettie Fourie, Sumaine Kilpert, Fanie Lategan, Hanna van Noordwyk. |
| **Saterdag:** | Gedia Engelbrecht, Pieter van den Heever. |

## WINTERSKOENBOKS-PROJEK vir HUIS JAKARANDA

Bederf ons seuns die winter met 'n Winter-skoenboks. Maak dit sommer 'n span poging en kry 'n vriend/vriendin/selgroep om saam te span! Bokse met hul behoeftelysies kan Sondag voor in die kerk afgehaal word. Alle klere moet asb sover moontlik by PEP gekoop word. Maak vinnig want daar is **net 8 bokse oor!** Handig in by die kerkkantoor voor 13 Junie.

## BEDDEGOED PROJEK.

Die seuns van Huis Jakaranda benodig dringed **nuwe beddegoed!** Vir een kind se bed beloop die kostes R500. Dit sluit in 'n Paslaken, Kussing, Duvet en oortreksels. Enige donasie is welkom!

**Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning** vir ons Seuns by Huis Jakaranda! Vir verdere inligting kontak gerus vir Estelle 0610738820



**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Selfoon:** 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI


Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 11 MEI 2025**

### *WELKOM BY DIE EREDIENS OP GOEIE HERDER SONDAG*



09:00: HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING: JOHANNES 10:22 - 30
TEMA: MET CHRISTUS AS MY HERDER KOM EK NIKS KORT NIE

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

**Vandag se deuroffer:** **Nagskuiling**

Sedert 1988 bedien die Nagskuiling enkel volwassenes in die Helderberg area en sedert 2020 het hul dienste verhoog om hawelose gesinne met kinders te akkommodeer. Hierdie Familieskuiling is die enigste in sy soort in die Wes-Kaap, wat voorsiening maak vir enkel ma's/pa's en paartjies met kinders.
Die Nagskuiling bied 'n wye reeks dienste, insluitend vaardigheids-opleiding, rehabilitasie en berading. Die programme verskaf werksgeleenthede, skoolvervoer, maatskaplike dienste en onderwys. Hul bied ook baba- en kleuterdagsorg, gesondheid- en welstand-ondersteuning, opleiding in lewensvaardighede en verblyf.
Die span werk aan elke individu se persoonlike ontwikkeling om hulle na 'n nuwe begin en selfvolhoubaarheid te vorder. Dit is soos 'n uitgebreide familie vir die tyd wat hulle dit die nodigste het.
Benewens verblyf, vereer ons koopbewyse wat die publiek kan koop om uit te deel, wat deur diegene wat haweloosheid ervaar omgeruil word vir etes, kospakkies, higiëne produkte en klere.

**Volgende week se deuroffer: Instandhouding van geboue**

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **Bankoffer** vir dankoffer tydens erediens **Dankoffer** vir maandelikse dankoffer.

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag:** | 19:00 | Gesprek oor ons Kerkklok |
| **Dinsdag:** | 10:00 | Kom kuier saam (Familiekamer) |
| | 19:00 | Bybelstudie (Familiekamer) - Openbaring |
| **Woensdag:** | 8:45 | Bybelstudie (Familiekamer) - Romeine 9-11 |
| | 10:00 | Bybelstudie by Huis Vonke - Openbaring |
| | 18:00 | Diensgroep: Fondse vergadering |

**Hoekom lui ons kerkklok nie (meer nie)?**
Diegene wat wonder hoekom ons kerkklok nie (meer) lui nie en wat saam wil dink en wonder of dit weer moet / kan lui, is welkom om te kom luister na en deel te neem aan 'n gesprek hieroor op Maandag **12 Mei 2025, om 19:00, in die Famileikamer.**

## Bybelgesprek op Woensdagoggende

**Wat nou van die Jode?**

Woensdag gaan ons voort met die kort reeks wat handel oor hierdie vraag - na aanleiding van Romeine 9-11.
Elke Woensdag 8:45-9:45 in die Familiekamer.
Jy is baie welkom om dit te kom bywoon  Jy kan net opdaaa.



**OPWINDENDE NUUS:**
**WIKKELWURMS BEGIN 1 JUNIE**
Alle kinders tussen 4 en 6 jaar (Graad R) is welkom om tydens die Erediens soggens by ons Wikkelwurmklas aan te sluit (dis die klassie reg langs die kombuis,)

## PINKSTER SAAM MET JOSEF



***1-5 Junie 2025***
***Saans om 19:00***
***Weeksdae om 9:30***
***Sop en brood na die dienste***

***Kinder-Pinkster elke aand om 19:00***

## Kom kuier saam en leer ken mekaar

Elkeen "wat beheer het oor hulle eie dagboek" moet asseblief die tweede Dinsdag van elke maand aandui as die oggend om in die familiekamer saam te kom kuier. Doen asseblief moeite om hierdie geleentheid by te woon - **ook ter wille van die ander!**

(Prof) Kobus Bergh is 'n afgetrede dosent in Aptekerswese en was ook geruime tyd lid van die Medisyne Beheerraad. Op

**Dinsdag 13 Mei, 10:00**

gesels hy met ons oor die navorsing wat gedoen is op medikasie teen Parkinson se siekte, en ook oor die algemene korrekte gebruik van medikasie.
Bring gerus ook  jou vriende saam en gryp die geleentheid aan om mekaar te leer ken.

## Vakature in ons Gemeente vir Boekhouer

Die pos van boekhouer in ons gemeente is tans vakant. Enigiemand met die nodige kwalifikasies kan aansoek doen vir hierdie pos voor / op 26 Mei 2025. Meer besonderhede is op die bord in die voorportaal, op die gemeente se webblad of by die kerkkantoor beskikbaar. **Diensaanvaarding op 1 Junie 2025**, of so gou moontlik daarna.
(Ons is baie dankbaar dat Luna Hoffman, wat hierdie pos die afgelope paar jaar beklee, aangebied het om nog vir 'n tyd lank te help met hierdie werk.)

**HANDSKOENDE VIR MACASSAR PRIMêR**
Baie dankie vir almal wat met soveel liefde Jesus wys aan kinders met koue handjies.
Ons wil graag die handskoene op Maandag, 2 Junie, gaan uitdeel.
Daar is dus nog tyd en nog wol!
Voltooide handskoene moet asb. **voor Sondag, 1 Junie**, in die krat in die voorportaal of by die Kerkkantoor ingehandig word.

Egpaar op soek'n **Eenslaapkamer-Woonstel**. As jy dalk weet van so 'n woonstel wat beskikbaar is, kontak asb vir Hennie (0828595646) of die kerkkantoor.